NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA
Sinode van Wes-Kaapland
SINODALE KANTOOR
De Langestraat 5
BELLVILLE
7530
Privaat sak X8
BELLVILLE
7535
PBO: 9300 13251
T 021 957 7100
E ngkadmin@kaapkerk.co.za
www.kaapkerk.co.za

Begroting 2018

(Voorlopige syfers: 12 gemeentes se geouditeerde finansiële state is nog uitstaande)

1. SINODALE AANDEEL

1.1 Gemeentes se bruto inkomste het vanjaar met 1,7% gedaal – van R490 583 931,58 in 2015 na 2016 se bruto inkomste van R482 342 840,91. Vir sinodale aandeel word gemeentes se inkomste uit deuroffers (R10,8 miljoen), versekeringseise (R1 miljoen), bemakings (R3,1 miljoen), wins met verkoop van bates (R23,2 miljoen) en sinodale ondersteuning (R3,4 miljoen) afgetrek. Uitgawes aan gemeentelike dienswerk word ook afgetrek (R40,4 miljoen).

Beskrywing	2015	2016	
Bruto Inkomste	490 583 931,58	482 342 840,91	
Deuroffers	(10 431 344,32)	(10 821 229,27)	3,7%
Versekeringseise	(888 268,95)	(1 034 454,72)	16,5%
Bemakings	(2 579 254,68)	(3 126 557,85)	21,2%
Wins met verkoop van bates	(39 332 744,32)	(23 202 768,14)	(41,0%)
Sinodale ondersteuning	(3 126 597,47)	(3 475 264,34)	11,2%
Gemeentelike Dienswerk	(37 885 399,20)	(40 385 468,02)	6,6%
Netto inkomste (vir SA berekening)	**396 340 322,64**	**400 297 098,57**	**1,0%**

1.2 Die STFA se beleid is om die tabel wat vir sinodale aandeel gebruik word, afwaarts aan te pas. Die tabel is vanjaar met 5% afwaarts aangepas en is so deur die moderamen goedgekeur in Augustus 2016. Die nuwe tabel vir die berekening van sinodale aandeel vir 2018 (1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018) is soos volg:

Netto inkomste < as R545 009,00	**1%** van die bedrag
R545 009,01 tot R814 515,00	R5 450,00 plus **6%** van dit wat meer as R545 009,00 is
R814 515,01 tot R1 362 525,00	R21 800,00 plus **9%** van dit wat meer as R814 515,00 is
Meer as R1 362 525,00	R70 851,00plus **10%** van dit wat meer as R1 362 525,00 is

1.3 Hierdie tabel, toegepas op die geouditeerde finansiële state van gemeentes soos op 29 Februarie 2016, gee ’n inkomste uit sinodale aandeel van **R26 321 751.** Sinodale aandeel styg dus van R25 136 982 in 2017 na R26 321 751 in 2018 – ’n styging van 4,7%.

1.4 Die STFA rond die sinodale aandeel begroting effens na onder af ten einde ’n buffer in te bou om voorsiening te maak vir gemeentes wat nie hulle sinodale aandeel kan betaal nie. In plaas van ’n sinodale aandeel begroting van R26 321 751, het die STFA die begroting vir 2018 met slegs 5% aangepas (van R24 255 00 na **R25 500 000**). Dit bied dus ’n buffer van R821 751 (R780 124 in 2017). As die sinodale aandeel begroting op R26 321 751 bereken word (8,3% verhoging), het die STFA geen buffer om beswaarde gemeentes mee te help nie, terwyl die besware drasties sal toeneem.

1.5 Die tabel hieronder wys hoe sinodale aandeel oor die afgelope 11 jaar met **50%** gestyg het. Salarisse (topskaal) het met **103%** in hierdie tyd gestyg.

Jaar	SA	%	Topskaal	%
2007	17 000 000		13 500,00	6,0%
2008	17 850 000	5,0%	14 380,00	6,5%
2009	19 225 000	7,7%	15 360,00	7,0%
2010	18 813 600	(2,1%)	16 670,00	8,5%
2011	20 150 000	7,1%	18 090,00	8,5%
2012	18 000 000	(10,7%)	18 800,00	4,0%
2013	20 000 000	11,1%	20 090,00	7,0%
2014	21 000 000	5,0%	21 496,00	7,0%
2015	22 000 000	4,8%	23 000,00	7,0%
2016	23 100 000	5,0%	24 840,00	8,0%
2017	24 255 000	5,0%	26 100,00	5,0%
2018	25 500 000	5,1%	27 800,00	6,5%

1.5 Sinodale aandeel bly gemiddeld sowat 4,9% van gemeentes se bruto inkomste.

Jaar	Bruto Inkomste	SA vir Jaar	%
2014	442 482 548,74	22 441 472	5,1%
2015	490 583 931,58	22 359 537	4,6%
2016	482 342 840,91	23 944 855	5,0%
2017		25 136 982	
2018		26 321 751	
X			**4,9%**

2. BEGROTING VIR 1 MAART 2017 TOT 28 FEBRUARIE 2018

2.1 Die die begroting van R25 500 000 word soos volg tussen die diensgroepe verdeel:

	2016	2017	%	2018	%
Diaconia	4 620 000	4 851 000	20%	4 845 000	19,0%
Gemeentes	4 389 000	4 608 450	19%	4 590 000	18,0%
Getuienis	6 699 000	7 033 950	29%	7 395 000	29,0%
Toerusting	1 848 000	1 940 400	8%	2 040 000	8,0%
Ondersteuning	2 772 000	2 910 600	12%	3 187 500	12,5%
Verband	2 772 000	2 910 600	12%	3 442 500	13,5%
TOTAAL	**23 100 000**	**24 255 000**	**100%**	**25 500 000**	**100%**

2.2 “Verband” sluit die NG Kerk in SA se bydrae aan die VGK (3% of dan R765 000) in. Dit sluit ook die aandeel wat die NG Kerk in SA in die Algemene Sinode se rekening het (±R1,2 miljoen). Diaconia se begroting sluit die 9,5% (R2 422 500) in wat na Badisa gaan (50% van Diaconia se toekenning).

DS AH (BOSSIE) MINNAAR
7 OKTOBER 2016